**JUNIOR AKADEMIE**

VROEË KIND ONTWIKKELING SENTRUM
IT 2474/2009

# Inligting 2023

**Circle of Security**
By Junior Akademie is ons kinders se welstand in geheel ons eerste prioriteit. "Circle of Security" is die basis van ons opvoeding styl. Deel van hierdie styl is om kinders geliefd en geborge te laat voel, deur vir hulle ruimte te skep vir geheel ontwikkeling. Ons laat hulle toe om te ontdek, met die wete dat ons altyd daar is vir hulle, sou hulle ons nodig kry. Deel van hierdie styl is om duidelike grense te stel. Dit help ons kinders om makliker aan te pas en in 'n roetine te kom. Hulle voel veilig binne hierdie roetine en grense.
https://www.circleofsecurityinternational.com/circle-of-security-model/what-is-the-circle-of-security/

**Junior Akademie program**

- JA volg die ELDA kurrikulum Junior Akademie Speel en Leer program. Temas word weekliks op die D6 gelaai.
- Ons oggend-, middag en vakansie programme is beskikbaar op D6.
- Die eerste kwartaal het ons POP IN 's. Dit is wanneer mamma/pappa 'n afspraak maak met juffrou. Ons leer ken mekaar beter en praat indien daar iets is wat ons opgemerk het.
- Ouers is ten alle tye welkom om jou maatjie se vordering of enige ander vrae met juffrou te bespreek.
- Tweede kwartaal doen ons 'n Junie verslaggie. Verslaggies word elektronies via epos uitgestuur.
- Derde kwartaal het ons weer POP IN 's en dan die vierde kwartaal 'n Desember verslaggie.
- Uitkomste van die klasse is onder bronne op die D6 Connect.
- Musiek – Ons Bytjies tot Dolfyne word elke Vrydag bederf met 'n musiek les deur oom Ronald.
- Hou ons D6 dop vir dae wat maats aantrek soos ons temas en spesiale pret dae.

**Kommunikasie**
Ons is 'n Afrikaanse skooltjie en alle vorm van kommunikasie geskied in Afrikaans. JA se platform van kommunikasie is die **D6 Connect** App. wat op jou foon en of rekenaar afgelaai kan word.

Ons gebruik ons WhatsApp groepie om informele inligting te deel sowel as foto's van aktiwiteite wat die week plaasgevind het.

Indien juffrou met verlof is, is daar 'n aflos wat instaan. Indien die Hoof assistent in die klas siek of met verlof is sal juffrou daardie dag voldag werk.

Indien daar enige vrae is wat in daardie tyd gevra moet word kan jul die skool se

nommer kontak. (063 732 1166)

Geen juffrou is bereikbaar op hul foon gedurende skool ure nie. Ons is slegs beskikbaar vanaf 12:30 om te reageer op boodskappe. Indien dit dringend is kontak asseblief die skool se foon.

Ons vra ook dat ouers ons juffrouens se privaatheid na ure sal respekteer. Hulle het ook huisgesinne wat hulle moet versorg.

Ouers moet asb. met ons kommunikeer oor wat by die huis gebeur. Alles is vir ons belangrik, voorbeelde: Ouers wat trek, ouma en oupa wat kom kuier, pappa of mamma wat dalk uitstedig is vir werk, pappa of mamma wat dalk siek is, geboorte van 'n sibbe ens.
Ons motto by JA vir ons kinders is "Handle with care". As daar iets agter die skerms tuis gebeur, moet ons weet sodat ons kan "Hand wash".

Junior Akademie word bestuur met die welstand van julle kinders as ons eerste prioriteit en ons volg ook riglyne in die Kinderwet en daarom is dit vir ons baie belangrik dat personeel ten alle tyd optree binne hierdie riglyne asook die reël van Junior Akademie. Ons vra dat julle vir ons sal vertrou in hierdie prosesse en ons onderneem, dat as dit julle kinders raak ons 'n klas vergadering sal reël.

**Junior Akademie tye**

- Maandae tot Vrydae voldag 7H30 tot 17H30
- Maandae tot Vrydae halfdag 7H30 tot 12H00 (Dolfyntjies 12H30) maats wat nie slaap nie.
- Maandae tot Vrydae halfdag 7H30 tot 14H00 maats wat slaap.

Halfdag maats wat slaap word 14:00 afgehaal. Alle halfdag maats moet @ 14:00 afgehaal word. Indien maats laat opgetel word, sal 'n fooi van R100 gehef word.
Voldag maats moet teen 17:30 opgetel word. Indien maats laat afgehaal word, sal 'n fooi van R150 gehef word en ouer is verantwoordelik om die personeel huis toe te neem, omdat hulle vervoer 17:30 vertrek vanaf die skool.
Indien halfdag ouers per geleentheid wil reël dat hul kind voldag moet bly moet dit vroegtydig met die kantoor gereël word. Koste beloop R100 per middag.
Ons verstaan daar kan soms 'n krisis opduik en sal 'n uitsondering maak. Laat weet asb. net die skool in so 'n geval.
Ons maak as vergunning ons deur soggens al 7H15 oop.

**Veiligheid**

Ons kinders se veiligheid is vir ons 'n groot prioriteit. Ons bring asb. onder julle aandag 4 belangrike punte:

1. Ry asb. stadig in die parkeer area. Kyk altyd om jou rond. Kinders is onvoorspelbaar en kan maklik uit mamma se hand ruk en begin hardloop. Ons moet ten alle tye seker maak daar is nie kinders rondom voertuie nie.
2. Wanneer jy inkom of uitgaan by JA, maak asb. seker dat jy die hek en deur deeglik toemaak. Moet ook nie sommer enige iemand saam met jou laat inkom as jy nie seker is of dit 'n ouer is of nie. Indien jy onseker is, vra die persoon om eerder hulle eie gesig te gebruik vir toegang.
3. Indien jy 'n besoeker toelaat om saam met jou in te kom, moet jy die persoon vergesel tot by die kantoor.
4. Indien jy iemand verdag opmerk wat rondhang rondom die skool, kontak asb. die kantoor. Ons kontak dan dadelik ons sekuriteit firma.

Ons personeel se noodhulp word jaarliks opgeskerp deur kursusse. In geval van 'n noodgeval waar 'n kleuter dalk sou seerkry wat verdere mediese versorging benodig, kontak ons jou as ouer eers. Sou dit nodig wees sal ons 'n ambulans kontak, met jou toestemming. Alle mediese kostes is vir jou persoonlike rekening.

Noodplan – ons beskik oor 'n noodplan wat jaarliks geoefen word.

**Gesondheid**
Ons kinders en personeel se gesondheid is vir ons belangrik. GEEN siek kinders word by die skool toegelaat nie. Gaan vergewis julle asb. van ons volledige Gesondheidsbeleid op die D6_Bronne_Beleide.

**Kos**
Junior Akademie voorsien nie kos nie. Ouers pak 'n gesonde kosblik vir hulle kind in. Pak in vinger happies wat maatjies self kan eet. Maak seker die happies is 'n gemaklike grootte vir jou kleuter se ouderdom.

Met die uitdagings van beurt krag kan ons ongelukkig nie meer kos warm maak by die skool nie. Elke maatjie se kos moet in 'n kosblikkie gepak word en skool toe gestuur word in 'n koel sakkie, met 'n ysblok om dit koel te hou. *MERK ASB. ALLES DUIDELIK.*

Ons moedig ons kinders aan om water te drink. Stuur asb. 'n waterbottel daagliks skool toe. In warm maande kan die bottel gevries word met die helfte vol water en dan soggens aangevul word met water. Dit bly dan sommer lekker lank koel.

***JA is 'n neut vrye skool.***

Ons is bewus van stik gevare by kinders en daarom word die volgende nie toegelaat by JA nie: Marshmallows, kougom.

Deel van ons program is om een keer 'n maand Bak-en-Brou te doen met ons Bytjies tot Dolfyne. Ons poog om dit sover moontlik suikervry en gesond te hou.

Geen gaskoeldrank en lekkergoed of kougom mag ingepak word nie. Daar is Vrydae geleentheid tydens piekniek vir een soet happie. Indien daar 'n partytjie plaasvind op die laaste Vrydag van die maand, sal juffrou laat weet dat piekniek happie nie nodig is nie.

**Verjaarsdae**
'n Klas partytjie vir die maats wat verjaar in die betrokke maand vind plaas elke laaste Vrydag van die maand.
Juffrou sal 'n WhatsApp groepie maak met die betrokke ouers en dan kan jul onder mekaar reël wat jul wil stuur. Kontroleer asseblief eers met juffrou om te hoor watter eetgoed toelaatbaar is. Ons versoek slegs een soet happie.
Indien die maatjie partytjie hou by die skool in sy verjaarsdag maand vra ons dat jul asseblief vir ons 'n leesboekie skenk aan die klas. Kyk op D6 in ons Biblioteek watter boekies ons al het.

Die skool terrein is op Saterdae te huur vir privaat verjaardag kinderpartytjies. Kyk gerus op die D6 onder Bronne_Partytjies vir meer inligting.

**Benodighede**
Benodighede per klas is beskikbaar op die D6. ***MERK ASSEBLIEF ALLES!***

**Beleide**
Vergewis julle asb. van al ons beleide op die D6.

**Slaaptyd**
Ons slaaptyd is vanaf 12:00-14:00 (Dolfyne 12:30-14:00) In hierdie tydgleuf word maatjies gereed gekry vir slaaptyd. Hulle word rustig gemaak vir slaaptyd. Maats word vanaf 13:45 af geleidelik en rustig wakker gemaak. Geen maatjie mag in slaaptyd opgelaai word nie. Bring asseblief weekliks eie beddegoed. Laken, kussing en kombersie. Beddegoed word elke Vrydag huis toe gestuur om gewas te word.

Maats wat nie slaap nie moet asseblief teen 12:00 (12:30 – Dolfyne) gehaal word om te voorkom dat slapende maats nie gesteur word nie.

**Klere**
Ons maats leer deur te speel. Dit sluit alles in van klei spel, verf tot en met morsige spel. Trek gemaklike en ou klere aan waaroor mamma nie bekommerd gaan wees nie. Dit gaan vuil word.
Dogtertjies wat rokkies dra, moet asb. 'n broekie (ski-pant) onder hulle rokkies dra.
In die somer is hoede verpligtend. Mamma smeer my asb. soggens voor skool al met sonskerm.
Sorg asb. dat daar 'n spaar stel klere te alle tye in jou kind se sakkie is vir glipsies.
Maatjies wat "potty train" moet asb. genoeg broekies saamstuur.

**Speelgoed**
Speelgoed moet liefs nie skool toe gebring word nie. Ons verstaan wel dat sommige maatjies 'n vertroos item het wat hulle graag sal wil saambring en laat dit wel toe. Juffrou sal deur die loop van die jaar geleentheid skep vir "Show and tell". Hier kan maatjies iets bring wat hulle graag vir ander wil wys.

**Oplaai en aflaai prosedures**

Soggens word die maats afgelaai by die deur waar juffrou hul sal ontvang. In die middae ontvang mamma/pappa maats by die klassies.

Alle ouers ry soggens in bo by Unielaan se ingang. Ons hanteer die parkeer area voor die skool soggens as 'n eenrigting. Maak asb. seker julle ry stadig.
In die middae, kom ouers in via die biometriese leser. Almal wat toestemming vanaf ouers het om kinders te kom afhaal in die middae moet sorg dat hulle foto's gelaai is op ons sisteem. Indien jy nog nie toegang het nie, stuur asb. 'n selfie na die skool se nommer via WhatsApp, met jou naam, kind se naam en klassie. (063 7321166)
Indien die gereelde persone nie 'n kind kan kom afhaal nie, moet 'n boodskap gestuur word na die skool se foon met die besonderhede en foto van die persoon wat die kind gaan kom afhaal.

**Buitemuurse programme**
Daar vind verskillende buitemuurse aktiwiteite plaas by Junior Akademie in die oggende. Die verskillende aktiwiteite bied in die eerste twee weke van die jaar demonstrasie lesse aan vir die kinders. Na afloop van die lesse word inskrywingsvorms huis toe gestuur. Kyk gerus op die D6 na wat alles aangebied word by JA.
Sodra al die inskrywings plaasgevind het, sal 'n program op D6 gelaai word.

**Personeel**
Ouers kan gaan loer op ons webblad na wie die personeel is. (www.juniorakademie.co.za)
Ouers mag nie van assistente gebruik maak as "Baby sitters" nie. Hulle werk lang ure met kinders en het ook hulle rus nodig. Ons vra asseblief dat ouers dit sal respekteer. Ons het aflos personeel en kan op aanvraag hulle nommers vir julle gee.

**Datums – JA Gesluit**

JA sluit slegs in Desember en vakansiedae. Ons bied elke vakansie 'n vakansie program aan om die maats besig te hou. JA is ook gesluit op spesiale vakansiedae. Hou asseblief die D6 kalender dop vir hierdie datums en teken dit vroegtydig in jou kalender aan.

**Ouer komitee**
Die skool het 'n ouer komitee wat gedurende die skooljaar projekte aanpak wat gemik is op gesellige samesyn, fondsinsameling en inligting oor onderwerpe rakende ouers en kinders. Indien ouers wil betrokke raak by die komitee, kontak gerus die kantoor. Hulle kontak besonderhede is ook op D6.

**Skoolgelde**
Junior Akademie is ‘n privaatskool. Rekeninge word maandeliks uitgestuur en moet voor of op die 7de maandeliks vooruit betaal word. Indien die skoolgelde nie teen daardie datum ontvang word nie sal ons jou herinner en indien nie vereffen is teen die 15de nie sal daar ‘n boete heffing of jou rekening wees van R150.
Indien die rekening 3 maande agterstallig is sonder dat daar skriftelik reëling getref is met die skoolhoof nie, sal die rekening oorhandig word vir invordering.

**Roetine**
Roetine help maats om veilige en geborge te voel, as hulle weet wat en wanneer hulle iets moet doen, maak dit nie net jou lewe maklik nie, maar gee vir hulle gemoedsrus. Volg gerus die skakel na ‘n artikel oor roetine.

**Respek**
By Junior Akademie is RESPEK een van ons belangrikste boustene. Ons kinders word nie met respek gebore nie. Ons leef in ‘n wêreld waar ons kinders moet grootmaak om mekaar en alles en almal om hulle te respekteer. Ons is deel van julle kinders se opvoeding en daarom is dit vir ons belangrik om saam met julle ons maats waardes te leer. Volg gerus die skakel na ‘n artikel oor waardes.

Indien daar iets is wat ons nie aangeraak het nie, kontak gerus die kantoor.